Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, January 07, 2024

Page: 16

# Hoe gemaak met oupa en ouma se annuïteit?



## Hou UA-geld só uit die hande van spandabelrige ouers



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Ek glo die meeste oumas en oupas wil ietsie vir die kleinkinders nalaat. Die vraag is gewoonlik wat is die beste manier om dit te doen.

Jy kan dit natuurlik testamentêr bemaak. Dan ontstaan die vraag, as hulle minderjarig is, aan wie bemaak jy dit?

'n Testamentêre trust is myns insiens en in die algemeen gesien die beste as jy wil seker wees die geld kom by die kinders uit en word nie gebruik om die gate in iemand anders se vrot geldbestuur toe te stop nie.

Maar hier is nou 'n vraag van 'n leser, wat baie spesifiek gerig is op geld in 'n uittree-annuïteit (UA) waarvan sy lid is.

Op dié punt, neem tog net kennis dat jy nooit 'n UA besit nie. Jy is lid van die fonds.

Neem dit in ag, dan sal die verduideliking verderaan ook meer sinvol wees.

Die leser wil graag een van haar UA's aan haar twee kleinseuns bemaak. Albei gaan nog 'n ruk lank minderjarig wees.

Die kinders se pa is nou nie juis geldslim nie, skryf sy, en sy wil voorkom dat dit in sy of in sy familie se hande beland.

Moet sy (in haar testament) bepaal dat daar 'n lewende annuïteit gekoop word met die minimum verpligte onttrekking van 2,5% per jaar om aangewend te word vir studies? Of is dit beter om dit in 'n UA te hou sodat hulle op 'n sekere ouderdom dit kan omskakel na 'n lewende annuïteit, wat vir hulle sal dien as pensioeninkomste?

Kom ons neem dit stap vir stap.

**Jy kan nie 'n UA bemaak nie**

Jou UA val buite jou boedel. En soos ek hierbo noem, dit is nie jou eiendom nie, jy is net lid van die fonds.

Die kinders, of enige naasbestaande of begunstigde, kan ook nie jou UA ná jou dood oorneem nie. By dood is die reël dat dit is of jy onmiddellik vóór jou dood uitgetree het uit jou UA.

Jou begunstigdes het dan bloot die opsie om óf die kontant te neem óf om die geld te gebruik om 'n pensioen mee aan te koop ('n lewende of lewensannuïteit).

Neem hulle die kontant, is dit belasbaar ingevolge bylae 2 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962).

Die belasting word gehef in die hande van die oorledene, maar is betaalbaar deur die begunstigde.

Dis die reël. Kortom, jy kan nie 'n UA bemaak nie.

Hoe kry jy dit by jou kleinkinders?

Jy kan hulle net begunstig.

Maar eers nóg 'n reël.

Art. 37C van die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956) bepaal dat by dood van die lid die trustees van die fonds, ongeag of die oorlede lid 'n begunstigde aangewys het, indien hulle bewus is van enige afhanklike van die lid hulle die geld aan daardie afhanklike sal uitkeer.

Dit is ongeag wie jy begunstig het. Die trustees se mag is dus groter as joune.

**Begunstigdes kan uit die niet verskyn**

Die kernvraag hier is, is daar enigeen aan wie jy dalk gereeld 'n geldjie oorbetaal om die pot aan die kook te help hou? 'n Kind, dalk?

Die punt hiermee is dat 'n "begunstigde" soms uit die niet kan verskyn ná jou dood. Ek het dit al gesien.

Maar laat ons ons nie deur probleme kortwiek nie. Is daar 'n manier om die ding?

Begin by jou testament.

Jy kan daarin 'n trust skep ten gunste van jou kleinkind of 'n trust vir elke kleinkind. Omdat hulle minderjarig is, sal dit vir belastingdoeleindes beskou word as 'n spesiale trust (net so terloops).

Jy moet daarin uitdruklik die verpligtings en die magte van die trustees bepaal en beperk.

Die volgende stap sou dan wees om die trust die begunstigde van die UA-voordele te maak.

Maak net baie seker dat daar nie ander "afhanklikes" is wat te voorskyn kan kom nie.

**Jy kan voorwaardes instel**

As daar is, oorweeg dan die volgende.

Kom ons sê dit is 'n kind wat jy help en jy wil verseker dat die geld in die UA vir die kleinkinders behoue bly.

Ek glo jy sal sekere goed aan jou kind bemaak. Doen dit gerus, maar koppel 'n voorwaarde daaraan in jou testament.

Byvoorbeeld, ek bemaak die huis en my geld en my kar en wat ook al aan my dogter, Sannie, op voorwaarde dat sy sal afstand doen van enige eis teen my UA nr. 12345 sou die trustees van die fonds oorweeg om dit aan haar toe te ken.

Dan kan sy kies: haar erfenis of die geld in die UA. En jy het beheer behou.

Jou probleem met 'n UA, of 'n lewende annuïteit, is dat jy nie kan bepaal watter opsie die begunstigde gaan uitoefen nie; neem die geld of koop 'n pensioen.

My ervaring is dat begunstigdes of erfgename in die algemeen nie kan wag totdat oorlede ma of pa se liggaam behoorlik koud is nie, dan begin hulle druk vir geld.

So, as jy spesifiek iemand wil bevoordeel of keer dat iemand wat jy weet nie baie geldslim is nie jou eintlike begunstigdes kan benadeel, moet jy bietjie buite die spreekwoordelike boksie begin dink.

As jy ander bates het, kan jy ook oorweeg om dit aan die testamentêre trust vir die kleinkinders te bemaak en dan jou kind die begunstigde van die UA maak.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com**

## Tyd raak min vir taks-meevaller

Ons is aan die begin van 'n nuwe jaar.

Maar byna aan die einde van die belastingjaar.

Is daar 'n manier om jou plig teenoor Jan Taks so 'n bietjie te temper?

Ja, met 'n bydrae tot 'n uittree-annuïteit (UA). En deur dit te doen voor die einde van die belastingjaar. Neem net kennis dat alles afgehandel moet wees voor dan, so probeer dit doen teen die einde van hierdie maand.

**Nog raad**

Jy kan tot 27,5% van inkomste vir die jaar (of R350 000, welke een die minste is) bydra tot 'n aftreefonds en die bydrae in die betrokke belastingjaar vir belasting aftrek van jou inkomste.

As jy en jou werkgewer se bydraes dus sê maar 15% van jou inkomste per jaar is (die tipiese bydrae tot werkgewerpensioenfondse), het jy 'n verdere 12,5% van inkomste wat jy kan bydra en alles is aftrekbaar vir belasting.

Wat bespaar jy?

Wat ook al jou marginale koers is – dit kan tot 45% wees, afhangende van jou belasbare inkomste.

Maar kom ons sê dit is 40%, dan bespaar jy belasting van 40% op jou bydraes tot 'n pensioenfonds (of UA-fonds).

Anders gestel, vir elke R100 spaarvoordeel betaal jy net R60. Die ander R40 is pasella.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.